# Nasionale en Provinsiale Verkiesings




ELECTORAL COMMISSION
ENSURING FREE AND FAIR ELECTIONS
SOUTH AFRICA
IEC

AFRIKAANS

# Wat is die Verkiesings-kommissie?



**Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) is ’n onafhanklike, onpartydige instelling wat deur Hoofstuk 9 van die Suid-Afrikaanse Grondwet gestig is om grondwetlike demokrasie te versterk. Die Kommissie bestuur nasionale, provinsiale en munisipale verkiesings. Dit verseker dat verkiesings geloofwaardig en vry en regverdig is deur die deelname van burgers, politieke partye en burgerlike samelewing. Die OVK se visie is om ’n wêreldleier in verkiesingsdemokrasie te wees.**

## Wat doen die Verkiesingskommissie?

- Die OVK bestuur nasionale, provinsiale en munisipale verkiesings, referendums ingesluit.
- Dit verseker dat verkiesings vry en regverdig is.
- Dit kondig die uitslae van die verkiesings binne sewe dae aan.
- Dit stel die nasionale algemene kieserslys op en werk dit by.

## Wat is die OVK se funksies?


- Om toestande te bevorder wat vrye en regverdige verkiesings verseker
- Om die nasionale algemene kieserslys op te stel en by te werk
- Om die register van politieke partye op te stel en by te werk
- Om verkiesings te administreer
- Om kennis van verkiesings- en kieserprosesse te bevorder
- Om vennote te wees van en saam te werk met belanghebbendes
- Om wetgewing wat met verkiesings verband hou te hersien
- Om kiesers te onderrig

## Wat is die struktuur van die Kommissie?

Die Verkiesingskommissie bestaan uit vyf kommissarisse, waarvan een ’n regter moet wees. Die kommissarisse word deur die President van Suid-Afrika vir ’n tydperk van sewe jaar aangestel. Hul termyn kan slegs een keer hernu word.



Adv. FDP Tlakula
**Voorsitter**



Mnr. IT Tselane
**Adjunkvoorsitter**



Regter GM Makhanya
**Kommissaris**



Eerw. BB Finca
**Kommissaris**



Me. R Taljaard
**Kommissaris**

# Nasionale en Provinsiale Verkiesings



## Wat is die verskil tussen die Nasionale en Provinsiale Regering?

- Die Nasionale Regering stel wette en beleide op en voer dit uit vir die hele land. Dit bestaan uit:
  - die Parlement wat deur die Speaker gelei word; en
  - die Nasionale Regering wat deur President en Ministers gelei word.
- Die Provinsiale Regering stel wette en beleide op wat slegs die provinsie affekteer en voer dit uit. Dit bestaan uit:
  - die Wetgewer wat deur die Speaker gelei word; en
  - die Provinsiale Regering wat deur die Premier en Lede van die Uitvoerende Raad (LUR) gelei word.

## Waarvoor stem jy in die Nasionale en Provinsiale Verkiesings (NPV)?

**Nasionale stem:** Jy stem vir 'n politieke party om jou in die Nasionale Vergadering te verteenwoordig.

**Provinsiale stem:** Jy stem vir 'n politieke party om jou in die Provinsiale Wetgewer te verteenwoordig.


## Watter kiesstelsel word in Suid-Afrika vir die NPV gebruik?

- Die Proporsionele Verteenwoordigingstelsel (PV) word vir die NPV gebruik.
- Die PV-stelsel ken setels aan politieke partye toe volgens die persentasie stemme wat elke party in 'n verkiesing ontvang.
- Politieke partye dien 'n kandidatelys in by die OVK vir die Nasionale Vergadering en die Provinsiale Wetgewers. Kandidate word volgens rangorde van voorkeur gelys.
- Op die Verkiesingsdag, stem kiesers vir die politieke party van hulle keuse, **nie** vir individuele kandidate **nie**.
- Nadat stemme getel is, word setels aan politieke partye toegeken volgens die persentasie stemme wat elke party ontvang het.



# Die Stemproses




1. **In die tou:** ’n Kiesbeampte sal jou ID nagaan om seker te maak dat jy geregistreer is.
2. **By die deur:** ’n Kiesbeampte sal jou ID met die zip-zip-masjien aftas.
3. **By die kieserslystafel:** Jy sal jou papierstrokie vir die kieserslysbeampte gee.
4. **By die inktafel:** ’n Kiesbeampte sal ’n klein merkie op die nael van jou linkerduim met ink maak.
5. **By die stembrieftafel:** Jy sal tot twee stembriewe ontvang.
6. **By die stemhokkie:** Merk jou stembrief in die geheim.

# Spesiale Stemme

## Daar is verskillende tipes spesiale stemme

1. **Enige geregistreerde kieser wat op die Verkiesingsdag nie by hulle stemlokaal kan stem nie**, kan aansoek doen vir ’n spesiale stem. Jy sal slegs by die stemlokaal waar jy geregistreer is om te stem, ’n spesiale stem mag uitbring.
2. **Enige geregistreerde kieser wat swanger of siek is of gebreke het** en nie na sy of haar stemlokaal kan reis nie, mag aansoek doen vir ’n tuisbesoek. Hierdie besoeke sal plaasvind op datums soos daar in die Verkiesingsrooster voorgestel sal word.
3. **Kiesbeamptes en sekuriteitsbeamptes** wat in ’n verkiesing werk mag aansoek doen vir ’n spesiale stem in die stemdistrik waarin hulle geregistreer is om te stem.
4. **Enige stemgeregtigde buite die Republiek van Suid-Afrika (RSA)** en wie nie ’n geregistreerde kieser binne die RSA is nie, sal moet registreer om in die buiteland by ’n RSA diplomatieke missie te stem.
   - Jy het beide jou groen strepieskode Identiteitsdokument (of slimkaart ID of Tydelike Identiteitsdokument) en jou geldige RSA-paspoort nodig om in die buiteland te registreer en te stem.
   - Jy moet ’n VEC10-vorm aanlyn voltooi (beskikbaar by www.elections.org.za) binne 15 dae van die datum waarop die verkiesing geproklameer word.

**ONTHOU:** Jy moet aansoek doen vir ’n spesiale stem by jou plaaslike OVK-kantoor. Jy sal die spesiale stemdatums in die 2014 verkiesingsrooster vind.

# Hoe om jou Merk op die Stembrief te maak



**’n Verkiesingsbeampte sal jou wys waar ’n oop stemhokkie is. Jy sal alleen wees om jou merk te maak. Jou stem is jou geheim.**

## Hoekom twee stembriewe?

- Een stembrief is om die politieke party van jou keuse vir die Nasionale Vergadering te kies; die ander stembrief is om jou party vir die Provinsiale Wetgewer te kies vir die provinsie waarin jy woon.
- Inligting op die stembriewe:
  - die volle naam van elke politieke party
  - die afgekorte naam van elke party
  - die embleem of simbool van elke party
  - ’n foto van elke partyleier
  - ’n oop spasie waarin jy die party van jou keuse aandui
- Elke stembrief word op die agterkant deur ’n OVK-beampte gestempel soos jy dit ontvang. Dit verhoed dat mense probeer om stembriewe van iewers anders af in te bring.

## Hoe om jou merk te maak?

- Maak jou merk in die boksie langs die party van jou keuse.
- Wees versigtig dat jou merk nie aan enige kante van die boksie raak nie.
- Maak slegs een merk op die stembrief:
  - Dit is die beste om ’n kruisie soos hierdie te maak: ☒
- Enige merk is reg, solank dit wys vir wie jy stem. Dit help die stembeamptes wanneer hulle die stemme tel.
- Indien jy ’n fout gemaak het, stel die kiesbeampte in kennis. Hy of sy sal dan jou stembrief kanselleer. Jy sal ’n nuwe een ontvang.
- Vou elke stembrief in die helfte, sodat niemand jou merk kan sien nie.

’n Kiesbeampte sal die stempel op die agterkant van elke stembrief nagaan. Plaas dan elke provinsiale en nasionale stembrief in die korrekte stembus.



# Algemene Stembrief-templaat



## Wat is die Algemene Stembrieftemplaat (AST)?

Die AST is 'n stemhulpmiddel wat uit harde, swart plastiek bestaan waarin die stembrief geplaas word. Die regter voorkant van die templaat het 'n flap met uitgesnyde venstertjies wat in *Braille* en in groot, wit verhewe drukskrif genommer is. Wanneer die stembrief in die templaat geplaas word, word elke venster met 'n spesifieke kandidaat of party in lyn gebring en die kieser kan sy of haar merk vry, in die geheim en onafhanklik maak.

## Wie kan die AST gebruik?

- Blinde of sigbelemmerde persone
- Swaksiende gebruikers
- Persone wat disleksies is
- Persone met 'n lae geletterheidsvlak
- Bejaardes
- Persone met motoriese- en senuweetoestande en wat derhalwe nie oor 'n vaste hand beskik nie.

## Wanneer kan die AST gebruik word?

- Nasionale en Provinsiale Verkiesings
- Plaaslike Regeringsverkiesings
- Tussenverkiesings

## Kan die AST vir spesiale stemme gebruik word?


Ja, dit kan by stemlokale en vir tuisbesoeke gebruik word.

## Bystand om jou merk te maak

Kiesers met gebreke of spesiale behoeftes mag vir bystand vra van die persoon wat hulle vergesel, om hulle merk op die stembrief (-briewe) te maak.


So metgesel moet:

- Agtien (18) jaar oud of ouer wees
- Nie 'n party-agent, kandidaat of waarnemer wees nie




**Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB)**
Tel: 012 452 3811 / Faks: 012 346 4699
www.sancb.org.za

# Die Verkiesings-gedragskode




## Wat is die Verkiesingsgedragskode?

*Die Kode is 'n stel reëls. Die partye en kandidate moet:*

- hulleself uitspreek teen politieke geweld en dreigemente teen ander partye, die OVK, lede van die publiek en die media;
- die owerhede van beplande optogte of saamtrekke in kennis stel;
- met ander politieke partye kommunikeer oor beplande politieke geleenthede;
- die gesag van die OVK erken;
- saam met die OVK-strukture werk en hulle toelaat om hulle pligte uit te voer;
- saam met die polisie werk in hulle ondersoek na verkiesingsmisdaad en -geweld; en
- die uitslae van die verkiesing aanvaar of die uitslag in 'n hof betwis.




## Hoe werk die Gedragskode?

- Daar moet oor die Verkiesingsgedragskode ooreengekom word deur:
  - elke geregistreerde party voordat die party aan 'n verkiesing deelneem; en
  - elke kandidaat voordat hy/sy op die kandidatelys geplaas word.
- Partye en kandidate moet by die Kode hou en moet:
  - die publiek van die Kode in kennis stel;
  - die doel van die Kode bevorder; en
  - pogings steun om kiesers te onderrig.
- Partye en kandidate moet die publiek ook in kennis stel dat alle persone (met inbegrip van vroue, persone met gestremdhede en van verskillende taal en kulturele groepe) die reg het:
  - om hulle politieke oortuigings vrylik uit te druk en om deel van enige politieke party te wees; en
  - om aan enige politieke veldtog, optogte of openbare byeenkomste deel te neem.

## Wat gebeur wanneer jy die Gedragskode oortree?

Enigeen wat die Kode oortree is skuldig aan 'n misdaad en kan 'n boete of tronkstraf van tot 10 jaar opgelê word.

*Politieke partye wat die Kode nie nakom nie, kan:*

- beboet word;
- gestop word om in 'n area te werk; of
- hulle stemme kan in 'n area gekanselleer word.

# Verkiesingsbedrog en -oortredinge

**Verkiesingsbedrog verwys na onwettige inmenging met die proses van 'n verkiesing deur opsetlike kwaaddoenery.**

## Verkiesingsbedrog is 'n misdaad. Moet nie die volgende doen nie:

- Moet nie iemand sover kry om vals inligting te verskaf wanneer hulle registreer om te stem nie.
- Moet nie vals inligting verskaf wanneer jy as kieser registreer nie.
- Moet nie as kieser registreer of stem deur van 'n ander persoon (lewend of dood) se naam gebruik te maak nie.
- Moet nie registreer om te stem in 'n stemdistrik waarin jy nie woon nie.
- Moet nie in 'n verkiesing of stemlokaal stem indien jy nie toegelaat is om te stem nie.
- Moet nie meer as een keer in 'n verkiesing stem nie.
- Moet jou nie as een van die volgende voordoen nie:
  - 'n beampte van die Verkiesingskommissie
  - 'n verteenwoordiger van 'n geregistreerde politieke party
  - 'n kandidaat in 'n verkiesing
  - 'n geakkrediteerde waarnemer
  - 'n geakkrediteerde kiesersopleidingsbeampte

## Dit is 'n verkiesingsoortreding om enigeen te forseer om die volgende te doen:

- Om te registreer om te stem of *nie* te registreer om te stem *nie*
- Om te stem of *nie* in 'n verkiesing te stem *nie*
- Om 'n politieke party of kandidaat te ondersteun of *nie* te ondersteun *nie*
- Om vir 'n politieke party of kandidaat te stem of *nie* te stem *nie*
- Om 'n politieke geleentheid of saamkoms van 'n politieke party by te woon of *nie* by te woon *nie*
- Om met die billikheid of onafhanklikheid van die Verkiesingskommissie of enige beampte van die Verkiesingskommissie in te meng

## Die volgende gedrag is onwettig. Moet nie:

- iemand verhoed om met ander kiesers te praat nie;
- verhoed dat 'n politieke geleentheid of saamtrek gehou word indien jy nie geregtig is om dit te doen nie;
- 'n beampte van die Verkiesingskommissie omkoop of beïnvloed terwyl hulle besig is om hulle plig te doen nie;
- die Verkiesingskommissie verkeerd inlig wanneer jy gevra word om 'n verklaring te verskaf nie;
- vals inligting oor die verkiesing publiseer wat die verskiesingsuitslae mag ontwrig, verhoed of beïnvloed nie;
- vals inligting publiseer wat woede of angs mag veroorsaak of die verkiesingsuitslae kan verander nie;
- inmeng met 'n kieser se reg tot geheimhouding wanneer hy of sy stem nie;
- inligting verskaf oor stemming of die tel van stemme indien jy nie toegelaat is om dit te doen nie;
- met enige stemmateriale inmeng nie;
- verkiesingsmateriaal maak, vervaardig of verskaf indien jy nie wettig daartoe toegelaat is nie;
- verkiesingsmateriaal verwyder, wegsteek of vernieting indien jy nie wettig daartoe toegelaat is nie;
- verkiesingsplakkate, reklameborde of plakkate vernietig of verwyder nie – dit is verbode vanaf die datum wat die verkiesing geproklameer word tot en met die verkiesingsuitslae deur die Verkiesingskommissie bekend gemaak word;
- die kieserslys of verkiesingsmateriaal vir doeleindes buiten die verkiesing gebruik nie;
- die Verkiesingskommissie verhoed om hulle pligte uit te voer met die bestuur van die verkiesing; of
- poog om die eerbaarheid en waardigheid van die Verkiesingskommissie kwaad aan te doen nie.

## Wat gebeur indien jy verkiesingsbedrog of enige van die oortredings wat gelys is, pleeg?

- Jy kan beboet word.
- Jy kan tronkstraf van tot tien jaar opgelê word.

# Die Verkiesingskommissie (OVK)

## Kontak die OVK vir meer inligting

**Nasionale kantoor**

Tel: 012 622 5700 Faks: 012 622 5784

**OVK-Kontaksentrum**

0800 11 8000 (gedurende die verkiesing)

SMS jou ID-nommer na 32810 om na te gaan of en waar jy geregistreer is.

**Provinsiale kantore**

*Oos-Kaap*
Tel: 043 709 4200

*Vrystaat*
Tel: 051 401 5000

*Gauteng*
Tel: 011 644 7400

*KwaZulu-Natal*
Tel: 031 279 2200

*Limpopo*
Tel: 015 283 9100

*Mpumalanga*
Tel: 013 754 0200

*Noordwes*
Tel: 018 391 0800

*Noord-Kaap*
Tel: 053 838 5000

*Wes-Kaap*
Tel: 021 910 5700

**Aanlyn**

iec@elections.org.za
www.facebook.com/IECSouthAfrica
www.twitter.com/IECSouthAfrica
www.elections.org.za
www.youtube.com/IECSouthAfrica
mxit: iecsouthafrica

JACANA

Language Inc.
TRANSLATION AND LOCALIZATION SPECIALISTS

Ontwikkel deur Jacana Media in samewerking met die OVK
Uitgegee deur Jacana Media, 2014
Vertaal deur Language Inc.
ISBN: 978-1-4314-1096-5

ELECTORAL COMMISSION
ENSURING FREE AND FAIR ELECTIONS
SOUTH AFRICA